Jesaja 45:17, 19

Maar Israel word deur die Here gered met 'n blywende redding.
Hulle sal nie verleë staan nie en nooit teleurgestel word nie ...
Wat Ek, die Here, sê, bring redding, my woorde gee lewe.

Het ons harte nie warm geword toe Hy met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie? wil ek nou – soos die Emmausgangers vir mekaar – ook vir jóú vra! Elke woord wat God spreek, is soos Hy: waarheid, reg, regverdig en reguit. As jy glo wat Hy sê, kan jy maar verseker wees: met jou eie oë sal jy die volkome vervulling van elkeen van sy uitsprake sien!

Wonderbare Oorwinnaar, U alleen is regverdig. Net by U is daar vir ons redding, oorwinning en sterkte! U is God - daar is geen ander nie.

Jesaja 45:8

Laat die reën uitsak, hemel, laat redding reën, wolke, breek oop, aarde, laat voorspoed ontkiem, laat trou uitspruit. Ek is die Here, Ek skep hierdie dinge.

God het ons die roeping gegee om sy redding aan die wêreld bekend te maak – om bedienaars van sy versoening te wees. Wanneer Hy weer kom om alles nuut te maak, sal ons elke aspek van sy redding ten volle begryp. Dan sal nie net ons nie, maar ook die aarde vol wees van "die suiwer, geestelike, hemelsgebore moontlikhede wat gegrond is in die heilige wese van God" (Jes. 45:8 – vertaal uit die Amplified Bible).

Die pad van die regverdige is reguit omdat U voor ons uitgaan. Ons hou ons oë op U, want ons wil u wil doen.